| Plak asseblief die srepieskode-etiket hier | TOTALE PUNTE |
|---|---|
| | |

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
NOVEMBER 2022

# BESIGHEIDSTUDIES

| EKSAMENNOMMER | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|

Tyd: 3 uur | 300 punte

**LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR**

1. Hierdie vraestel bestaan uit 32 bladsye. Maak asseblief. seker dat jou vraestel volledig is.
2. Alle vrae is **VERPLIGTEND**.
3. Lees die vrae noukeurig deur.
4. Beantwoord AL die vrae op die vraestel en dien dit aan die einde van die eksamen in. Onthou om jou eksamennommer in die ruimte wat op die vraestel verskaf is, te skryf.
5. Toon insig, waar van toepassing, wanneer die vrae beantwoord word. **Dit sal die beste wees om na die algemene kleinhandelbesighede wat julle vanjaar bestudeer het, te verwys.**
6. Jy word aangeraai om besondere aandag aan taalgebruik en **puntetoekenning** te gee.
7. Dit is in jou eie belang om leesbaar te skryf en jou werk netjies aan te bied.
8. TWEE blanko bladsye (bladsy 31 en 32) is aan die einde van die vraestel ingesluit. Indien jy te min spasie vir 'n vraag het, gebruik hierdie bladsye. Dui die vraagnommer van jou antwoord duidelik aan indien jy hierdie ekstra spasie gebruik.

**Puntetoekenning**

| V 1 | V 2 | V 3 | V 4 | V 5 | V 6 | V 7 | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | |
| | | | | | 7A (LOD) | | |
| | | | | | 7B (HOD) | | |

IEB Copyright © 2022

## AFDELING A

## VRAAG 1

Dui die **mees korrekte** antwoord aan deur die letter van die alternatief wat jy gekies het in die ruimte te skryf wat onderaan elke bladsy verskaf is.

1.1 Watter besigheidsfunksie by Makro identifiseer klantvereistes en bevorder die besigheid se produkte?

A Produksie
B Finansies
C Bemarking
D Openbare Betrekkinge (2)

1.2 'n Spanlid van Makro wat meer verantwoordelikhede op hom/haar neem as wat hy/sy kan hanteer, ervaar …

A sinergie.
B roloorlading.
C rolverdediging.
D rolkonflik. (2)

1.3 … meet Makro se algehele winsgenerering met die kapitaal wat beleggers belê het.

A Likiditeit
B Solvensie
C Hefboomfinansiering
D Opbrengs op belegging

(2)

1.4 'n Werknemer van Makro wat vertroulike inligting oor aandeelpryse deel, beoefen onetiese …

A belastingontduiking.
B prysinflasie.
C binnehandel.
D sameswering.

(2)

| 1.1 | 1.2 | 1.3 | 1.4 |
|---|---|---|---|
| | | | |

IEB Copyright © 2022

1.5 Die versekeringsmakelaar het die finansiële bestuurder van 'n Makro afsetpunt aangeraai om net verhaling van verliese een keer en slegs vir 'n spesifieke gebeurtenis te eis. Dit verwys na die versekeringskonsep …

A subrogasie.
B bybetaling.
C sessie.
D arbitrasie. (2)

1.6 Checkers ondersoek die uitwerking van nuwe omgewingswetgewing op sy besigheidsbedrywighede deur die …-tegniek te gebruik.

A PESTLE
B Porter se Kragtemodel
C steekproeftrekking
D waardekettingmodel (2)

1.7 Hoeveel moeite moet Checkers met produkontwikkeling doen wanneer 'n mededinger min mag en min invloed in die mark het?

A Minimum
B Maksimum
C Ignoreer
D Medium (2)

1.8 Wat ontleed 'n hulpbrongebaseerde ontleding?

A Checkers se interne omgewing
B Checkers se posisie met betrekking tot mededingers
C Die historiese markprestasie van Checkers
D Checkers se eksterne omgewing (2)

1.9 Watter een van die volgende is NIE 'n voorbeeld van 'n tegnologiese faktor nie?

A E-handel
B IT-infrastruktuur
C Koolstofvoetspoor
D Vlak van outomatisasie (2)

| 1.5 | 1.6 | 1.7 | 1.8 | 1.9 |
|---|---|---|---|---|
| | | | | |

1.10 Watter van die volgende is voorbeelde van etiese faktore wat Checkers as deel van hul PESTLE-analise moet oorweeg?

i Vlak van korrupsie
ii Vlak van deursigtigheid
iii Handelsbeleide
iv Die tempo van hulpbronvermindering

A i + ii
B i + iii
C i + ii + iv
D i + iv (3)

1.11 'n Verouderende bevolking is 'n … faktor wat 'n … vir 'n aanlyn kleinhandelaar sal wees.

A ekonomiese, geleentheid
B ekonomiese, bedreiging
C sosiale, geleentheid
D sosiale, bedreiging (3)

1.12 Wanneer 'n land voor lae vlakke van besigheidsgroei en relatief hoë vlakke van inflasie te staan kom, sal dit as 'n … bedreiging vir Pick n Pay beskou word.

A sosiale
B regs-
C politieke
D ekonomiese (3)

1.13 Die hoofrede hoekom Pick n Pay 'n besluitnemingsboom as probleemoplossingstegniek gebruik, is om …

A moontlike uitkomste te identifiseer, gegrond op die waarskynlikheid van uitkomste vanweë 'n keuse wat Pick n Pay gemaak het.
B die oorsaak van 'n probleem te bepaal waarvoor Pick n Pay te staan kom.
C die opeenvolging van aktiwiteite en skedules van projekte by Pick n Pay te illustreer.
D die dryfkragte teen 'n besluit wat Pick n Pay geneem het, te vergelyk. (3)

| 1.10 | 1.11 | 1.12 | 1.13 |
|---|---|---|---|
| | | | |

IEB Copyright © 2022

1.14 Induksie van personeel deur Pick n Pay se Menskapitaalfunksie kan beskryf word as …

A die proses om hoogs geskoolde werknemers in huidige posisies te hou eerder as om nuwe werknemers te werf.
B 'n proses wat daarop gemik is om die huidige werknemers te help om hul prestasie te verbeter.
C 'n element van sosialisasie wat die nuwe werknemers help om hul nuwe omgewing te verstaan.
D om aan werknemers terugvoering oor hul prestasie na 'n spesifieke tydperk te gee. (3)

1.15 Wanneer 'n bestuurder van Shoprite Beherend sy diskresie gebruik om te besluit of ekstra verlof aan 'n werknemer toegestaan moet word as gevolg van 'n persoonlike aangeleentheid, toon hy/sy … leierskap.

A transaksionele
B demokratiese
C situasionele
D outokratiese (2)

1.16 Wanneer die bedryfskapitaalverhouding 2:1 is en daar 'n gelyke styging in bedryfsbates en bedryfslaste is, sal dit … tot gevolg hê.

A geen verandering in die bedryfskapitaalverhouding
B 'n styging in die bedryfskapitaalverhouding
C 'n daling in die bedryfskapitaalverhouding
D 'n verdubbeling in die bedryfskapitaalverhouding (3)

1.17 In 'n Shoprite afsetpunt is die hoof van verkope … vir die verkoopspan, terwyl die verkoopspanlede … aan die hoof van verkope is.

A toerekenbaar, verantwoordelik
B toerekenbaar, taakdelegeerders
C verantwoordelik, toerekenbaar
D 'n taakverdeler, verantwoordelik (3)

1.18 Watter een van die volgende is 'n nadeel van 'n outokratiese leierskapstyl?

A Dit maak vinnige besluitneming moontlik
B Dit maak doeltreffende tweerigtingkommunikasie moontlik
C Dit gee werknemers duidelikheid oor hul rolle
D Dit is baie effektief wanneer uiters belangrike besluite geneem moet word (2)

| 1.14 | 1.15 | 1.16 | 1.17 | 1.18 |
|---|---|---|---|---|
| | | | | |

1.19 Watter een van die volgende is **NIE** 'n potensiële voordeel van posrotasie by Shoprite Beherend nie?

A Opleidingskoste word verminder
B Dit maak werk minder herhalend
C Dit ontwikkel die interne talentpoel
D Dit moedig buigsaamheid aan (2)

1.20 Wat is die term wat gebruik word om die proses te beskryf wanneer 'n bestuurder help om onderhandelings tydens 'n konflikoplossingsproses by Game winkels te fasiliteer?

A Versoening
B Arbitrasie
C Werknemerdeelname
D Nywerheidsdemokrasie (2)

1.21 Watter van die volgende veroorsaak weerstand teen verandering?

i Lae verdraagsaamheid teenoor verandering
ii Wankommunikasie en waninligting
iii Verskillende mense interpreteer situasies verskillend
iv Verskillende bestuurservarings

A i + ii
B ii + iii
C i + ii + iii
D iii+ iv (3)

1.22 Watter een van die volgende is NIE 'n voorbeeld van 'n ontasbare bate van Shoprite Beherend nie?

A Klandisiewaarde
B Kopiereg
C Yskaste
D Reputasie (2)

1.23 'n Groep klante met soortgelyke behoeftes en eienskappe word 'n … genoem.

A teikenmark
B steekproefmark
C ontwikkelingsmark
D voorkeurmark (2)

| 1.19 | 1.20 | 1.21 | 1.22 | 1.23 |
|---|---|---|---|---|
| | | | | |

**[54]**

## VRAAG 2

Kies die korrekte woord/term tussen hakies wat die stelling **WAAR** sal maak.

**Onderstreep** die korrekte woord/term.

2.1 (**Werwing** / **Aflegging**) is 'n proses waar die werkgewer die besigheidsbehoeftes nagaan om wins te verhoog of verlies te beperk deur werknemers se diens te beëindig.

2.2 'n (**Oorname** / **Samesmelting**) vind plaas wanneer een maatskappy 'n geslaagde bod maak om beheer van 'n ander maatskappy te neem.

2.3 Om 'n (**visie** / **waardasie**) te hê sal vir jou besigheid 'n duidelike fokus gee en verhoed dat jy in die verkeerde rigting beweeg.

2.4 Die FTSE/JSE Afrika Indeks verteenwoordig die Suid-Afrikaanse (**ekwiteits-** / **eiendoms-**) mark.

2.5 'n (**Inklusiwiteits-** / **Beperkings-**) klousule is 'n grondwetlike bepaling wat dit moontlik maak om grondwetlik beskermde regte gedeeltelik te beperk.

2.6 (**Situasionele** / **Transformasionele**) -leierskapstyl word omskryf as 'n leierskapbenadering wat positiewe verandering in individue en sosiale stelsels meebring.

2.7 (**Bybetalingsklousule** / **Onmiddellike oorsaak)** gaan oor hoe die eintlike verlies of skade van die versekerde party gebeur het en of dit die gevolg van 'n versekerde risiko is.

2.8 Die (**waardekettingontleding** / **Delphi-tegniek**) word gebruik om tot 'n groepsmening of -besluit te kom deur 'n opname van 'n paneel kundiges.

2.9 (**Korrupsie** / **Vervalsing**) kan beskryf word as iemand wat bedrieglik iemand anders se werk namaak en die oorspronklike vervang.

2.10 'n (**Werkplekforum** / **Werkplekfonds**) kan net op die been gebring word indien die besigheid honderd of meer werknemers in diens het.

2.11 Die (**KVBA** / **KMIE**) beoog om te voorkom dat arbeidsdispute tot arbeidsonrus ontwikkel.

**[22]**

## VRAAG 3

Lees die onderstaande scenario's oor wetgewing en beantwoord die volgende vrae.

- Identifiseer die toepaslike wetgewing wat op die scenario van toepassing is (skryf slegs die naam van die wet in die ruimte wat na elke scenario verskaf is); en
- bepaal of die scenario volgens die betrokke wet billik of onbillik is (plaas 'n kruisie langs die gekose opsie).

Skryf slegs die **korrekte woord/term** in die ruimte wat na elke vraag verskaf is.

3.1 Die eienaar van 'n plaaslike kleinhandelaar keur dit af dat werknemers aan 'n vakbond behoort en die winkelbestuurder ontslaan alle werknemers wat aan 'n vakbond behoort.

______________________________ (2)

| | |
|---|---|
| Billik | |
| Onbillik | |

(2)

3.2 Werknemers by 'n algemene kleinhandelaar het gekla dat hulle nie genoeg tyd kry om te rus nie. Die winkelbestuurder laat twee teepouses van 15 minute elk en een uur vir middagete in 'n skof van nege ure toe.

______________________________ (2)

| | |
|---|---|
| Billik | |
| Onbillik | |

(2)

3.3 1% van 'n werknemer van 'n algemene kleinhandel se salaris word maandeliks afgetrek om opleidingskoste te dek.

______________________________ (2)

| | |
|---|---|
| Billik | |
| Onbillik | |

(2)

3.4 Nadat nie aan die vereiste werkstandaarde voldoen is nie, word 'n werknemer vir opleiding gestuur. Maandelikse terugvoeringsessies vind plaas asook voortgesette opleiding. Na ses maande word die werknemer ontslaan omdat daar nie aan die korrekte standaarde voldoen is nie.

______________________________ (2)

| | |
|---|---|
| Billik | |
| Onbillik | |

(2)

IEB Copyright © 2022

3.5 Sowel die werkgewer as die werknemer dra 1% gelyk aan die werknemer se salaris by as versekering om die werknemer te beskerm indien hy/sy sy/haar werk verloor.

__________________________________________ (2)

| | |
|---|---|
| Billik | |
| Onbillik | |

(2)

3.6 Aangesien werknemers van 'n plaaslike algemene kleinhandelaar die afgelope twee jaar nie ongeskik was of enige beserings by die werk opgedoen het nie, het die werkgewer besluit om nie tot 'n versekeringsfonds by te dra nie. Die werkgewer besluit om eerder hierdie geld te spaar.

__________________________________________ (2)

| | |
|---|---|
| Billik | |
| Onbillik | |

(2)
**[24]**

**100 punte**

## AFDELING B

**Gebruik die puntetoekenning as 'n riglyn vir die lengte van jou antwoorde.**

## VRAAG 4

Lees die onderstaande gevallestudie en beantwoord die vrae wat volg:

**Volhoubaarheidstrategie**

Ons beoog om Afrika se mees bekostigbare, toeganklike en innoverende kleinhandelaar te wees. Ons wil dit op 'n verantwoordelike manier vir ons gemeenskappe en die omgewing doen.

Gemeenskappe is die grondslag van ons besigheid. Hulle is ons klante, verskaffers, aandeelhouers, werknemers en laastens, ons vennote. Ons beoog om die veerkrag van ons gemeenskappe te bou en ondersteun terwyl gedeelde waardes vir ons belanghebbendes geskep word.

[Bron: <https://www.shopriteholdings.co.za/sustainability/communities.html> 26.12.2021]

4.1 Definieer die term *volhoubaarheid* wat in die gevallestudie hierbo genoem word.

___

___

___

___

(2)

4.2 Lys **VIER** beginsels van goeie korporatiewe beheer wat Shoprite Beherend moet oorweeg as deel van hul *volhoubaarheidstrategie.*

- ___
- ___
- ___
- ___

(4)

4.3 Noem DRIE elemente van die drievoudige/geïntegreerde verslagdoening wat deel van Shoprite Beherend se *volhoubaarheidstrategie* moet uitmaak.

- ___
- ___
- ___

(3)

IEB Copyright © 2022

4.4 Bespreek die eise wat elk van die belanghebbendes wat hieronder gelys is, aan Shoprite Beherend sal stel. Stel voor hoe Shoprite Beherend aan hierdie eise kan voldoen.

**Verskaffers:**

**Werknemers:**

**Klante:**

(12)

IEB Copyright © 2022 

4.5 Om sukses te verseker, is dit noodsaaklik dat Shoprite Beherend voortdurend sy besigheidomgewings assesseer. Maak gebruik van die gebalanseerde telkaart en verskaf die ontbrekende inligting hieronder.

| | |
|---|---|
| 4.5.1 Identifiseer 'n element van die **gebalanseerde telkaart:** ______ (1) | 4.5.3 Identifiseer 'n element van die **gebalanseerde telkaart:** ______ (1) |
| ↓ | ↓ |
| 4.5.2 Beskryf hoe Shoprite Beherend hierdie element gebruik om sy *volhoubaarheidstrategie* te ondersteun. ______ (6) | 4.5.4 Beskryf hoe Shoprite Beherend hierdie element gebruik om sy *volhoubaarheidstrategie* te ondersteun. ______ (6) |

IEB Copyright © 2022

4.6 Bespreek met behulp van 'n voorbeeld vir elke strategie hoe Shoprite Beherend algehele besigheidsukses sal verseker.

| | |
|---|---|
| **Laekostestrategie** → | (4) |
| **Terugwaartse integrasiestrategie** → | (4) |
| **Produk-ontwikkeling-strategie** → | (4) |

4.7 Ontwikkel moontlike kriteria wat Shoprite Beherend kan gebruik om die sukses van hul *volhoubaarheidstrategie* te meet.

(3)
**[50]**

IEB Copyright © 2022

## VRAAG 5

Bestudeer die onderstaande diagram en beantwoord die vrae wat volg:




[Bron aangepas uit: <https://thespargroup.com/ir2018/DownloadManager/Our_strategy_and_business_model.pdf 25.12.2021>]

5.1 Difinieer die term *entrepreneurskap.*

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________
(2)

5.2 Noem **DRIE** entrepreneurseienskappe wat SPAR as deel van hul entrepreneurskap-waarde wil dryf.

- ______________________________________________
- ______________________________________________
- ______________________________________________

(3)

5.3 Verduidelik hoe SPAR professionele en etiese besigheidspraktyke kan beoefen ten einde te verseker dat hulle die *eerstekeusehandelsmerk in die gemeenskappe is wat hulle bedien*.

(6)

5.4 ***Werknemers van SPAR baklei oor kwessies gebaseer op aannames, ego's, negatiewe idees en ander onbelangrike kwessies.***

5.4.1 Noem die tipe konflik wat in die bostaande stelling beskryf word.

(1)

5.4.2 Verduidelik die moontlike uitwerking van hierdie konflik op SPAR se bedrywighede en doen aanbevelings oor hoe om hierdie tipe konflik te bestuur.

(6)

IEB Copyright © 2022

5.5 Voltooi die skematiese diagram hieronder oor werwing en keuring:

**Werwing**

| 5.5.1 Gee 'n voorbeeld van interne werwing: (1) | 5.5.3 Gee 'n voorbeeld van eksterne werwing: (1) |
|---|---|

| 5.5.2 Bespreek 'n **voordeel** van interne werwing. | 5.5.4 Bespreek 'n **nadeel** van eksterne werwing. |
|---|---|
| *LET WEL: Die voordeel en nadeel wat bespreek word mag nie bloot teenoorgesteldes van mekaar wees nie.* | |
| (2) | (2) |

**Keuring**

5.5.5 Identifiseer enige **VIER** stappe in die keuringsproses.

| (a) | (b) | (c) | (d) |
|---|---|---|---|
| (1) | (1) | (1) | (1) |

5.6 Karabo, 'n werknemer van SPAR, ontvang die volgende maandelikse salarispakket:

| **Werknemer Karabo** | **Desember 2021** |
|---|---|
| Bruto salaris: | R12 500 |
| **Maandelikse aftrekkings:** | |
| LBS-belasting | R1 250 (10% van sy bruto salaris) |
| Pensioenfonds | R1 500 |
| Mediese Hulpfonds | R1 000 |
| WVF | R125 |
| SPAR dra 5% van die bruto salaris tot die pensioenfonds by en op 'n gelyke grondslag tot beide die Mediese Hulpfonds en die WVF.<br><br>Karabo is geregtig op ander byvoordele volgens sy indiensnemingskontrak. | |

5.6.1 Verduidelik hoekom Karabo se salarispakket 'n koste-plus-voordele-salarispakket is.

________________________________________

________________________________________

________________________________________

________________________________________ (2)

5.6.2 Verduidelik die doel van die WVF as deel van Karabo se salarispakket.

________________________________________

________________________________________

________________________________________

________________________________________ (2)

5.6.3 Noem **DRIE** byvoordele wat Karabo as deel van sy kontrak kan ontvang.

- ______________________________________
- ______________________________________
- ______________________________________

(3)

5.6.4 Wat is die totale maandelikse koste om Karabo by SPAR in diens te hê?

(3)

IEB Copyright © 2022

5.7 Verduidelik hoe handelsmerkuitbreiding gebruik kan word om SPAR se visie te bereik: *Eerstekeusehandelsmerk in die gemeenskappe wat ons bedien.*

____________________________________________

____________________________________________

____________________________________________

____________________________________________ (3)

5.8 Noem **DRIE** faktore wat SPAR moet oorweeg wanneer die SPAR-handelsmerk gebou word.

- ________________________________________
- ________________________________________
- ________________________________________ (3)

5.9 Terwyl SPAR voortgaan om sy doel en visie in sy supermarkstrategie te implementeer, voltooi die onderstaande tabel.

| **Identifiseer 'n element van die bemarkingsamestelling.** | **Verduidelik 'n strategie wat SPAR kan implementeer om te verseker dat die bemarkingselement wat geïdentifiseer is, SPAR ondersteun.** |
|---|---|
| 1. | |
| 2. | |

(6)

**[50]**

## VRAAG 6

Lees die onderstaande uittreksel en beantwoord die vrae wat volg:

Pick n Pay

Pick n Pay is verbind daartoe om met regsentiteite te werk wat etiese en wettige indiensnemingspraktyke in hul besigheidsinteraksies toepas.

[Bron aangepas uit: <https://www.picknpayinvestor.co.za/downloads/governance/code-of-ethics.pdf 25.12.2021>]

6.1 Pick n Pay is verbind tot wettige indiensnemingspraktyke. Bespreek enige **TWEE** redes wat wesenlik billik sal wees om 'n werknemer te ontslaan.

- 

- 

(10)

IEB Copyright © 2022

6.2 Verduidelik elk van die volgende aktiwiteite wat gedurende 'n nywerheidsoptrede by Pick n Pay kan plaasvind.

| | |
|---|---|
| **Beskermde staking:** | |
| **Uitsluiting:** | |
| **Pikettering:** | |
| **Simpatiestaking:** | |

(8)

6.3 Bespreek die vereistes wat Pick n Pay sal moet oorweeg vir 'n versekeringskontrak om geldig te wees.

(8)

6.4 Bespreek die voordele van Pick n Pay wat deur versekering gedek is.

(8)

6.5 Noem **VIER** tipes nie-verpligte versekering.

- 
- 
- 
- 

(4)

IEB Copyright © 2022

6.6 Pick n Pay moet **risiko, opbrengs op belegging (OOB) en tydlyne** as deel van hul beleggingstrategie oorweeg. Deur hierdie **DRIE** kriteria te gebruik, evalueer verskeie beleggingsopsies wat Pick n Pay kan oorweeg.

(12)
**[50]**

**150 punte**

## AFDELING C


**Die volgende aspekte sal oorweeg word wanneer punte vir hierdie vraag toegeken word:**

- Formaat:
  - Die KORREKTE formaat vir elke vraag moet gebruik word, d.i. besigheidsverslag.
  - Waar van toepassing, sluit 'n inleiding en gevolgtrekking in.
  - Gebruik opskrifte en onderopskrifte waar nodig.
- Terminologie: Korrekte besigheidsterminologie moet gebruik word.
- Inhoud: Moet voldoende wees om alle aspekte van die vraag te dek.
- Stawing: Regverdiging vir stellings word gedoen.
- Toepassing op gevallestudie/konteks/tema.
- Probleemoplossing eerder as om bloot net teoretiese feite te gee.
- Sintetisering en opeenvolging.

## VRAAG 7

Bestudeer die volgende bronne en beantwoord die vraag wat volg:

**BRON A:**




[Bron: <https://www.garp.org/risk-intelligence/market/how-to-develop-a-top-risk-approach 27.12.2021>]

**BRON B:**




[Bron: <https://www.quotemaster.org/images/43/432652a104197fab65498b966590aca3.jpg 23.01.2022>]

IEB Copyright © 2022

**BRON C:**




Om die besigheid te help om 'n balans tussen risiko en beloning (wins) te vind, is bes moontlik een van die moeilikste take van die bestuur en een van sy belangrikste bydraes tot langtermynvolhou-baarheid.

Risiko was nog altyd belangrik vir die besigheid. Die fundamentele aard van besigheid behels om geld aan 'n onderneming toe te wys en hopelik later die beloning te kry. Hoe meer riskant die besigheidsonderneming, hoe groter die potensiële beloning en daarin lê die ewige uitdaging wat geen besigheid heeltyd regkry nie.

Omdat dit so belangrik vir die sukses van die besigheid is, is risikobestuur nog altyd een van die bestuur se sleutelverantwoordelikhede.

[Bron: aangepas van <https://www.forbes.com/sites/steveculp/2020/10/01/why-risk-management-is-more-important-than-ever/?sh=2060386c30b6 26.12.2021>]

Die Suid-Afrikaanse algemene kleinhandelsektor het talle vinnige tydperke van verandering ervaar; veroorsaak deur uitdagings soos die toename in aanlyn aankope, die toename van multinasionale handelsmerke, die ekonomiese klimaat en etlike maatskaplike faktore. Die plaaslike algemene kleinhandelsektor moes harder werk om voete deur die deur te kry en die vlak van risiko waarvoor die besigheid te staan kom, te beperk.

Skryf 'n besigheidsverslag aan 'n algemene kleinhandelaar waarin jy bespreek hoe die kleinhandelaar bestuurstake en bestuursbevoegdhede kan gebruik om risiko te bestuur, ten einde volhoubare finansiële belonings vir die besigheid te verseker.

IEB Copyright © 2022

**50 punte**

**Totaal: 300 punte**

IEB Copyright © 2022

**BYKOMENDE RUIMTE (ALLE VRAE)**

**ONTHOU OM DUIDELIK DIE VRAAG WAARVOOR JY DIE BYKOMENDE RUIMTE GEBRUIK AAN TE DUI OM SEKER TE MAAK ALLE ANTWOORDE WORD NAGESIEN.**

IEB Copyright © 2022

IEB Copyright © 2022